

Donderdag 20 April

Skrifgedeelte: 2 Petrus 1:16-21

Fokusgedeelte: 2 Petrus 1:20, 21 (1983-vertaling)

God se Woord, die ware Woord!

Die Bybel in jou hand. 'n Biblioteek van boeke met woorde. Hoofstukke en verse-eenheid. Ou Testament en Nuwe Testament. Opgeskryf en vir die mens deurgegee om as blye boodskap te lees.

Petrus onderstreep die betroubaarheid van elke vers en woord. Sy brief word opgeskryf in 'n tyd toe oor die betroubaarheid van die waarheid van die evangelie getwyfel word. Met apostoliese gesag getuig Petrus oor die waarheid van God se Woord as die ware Woord! Petrus wat blye aanskouer kon wees van God se reddingsdade wat in Jesus Christus geopenbaar is. Hy het saam gestap en gehoor en geluister as Jesus praat en preek. Tree vir tree ... Hy het gesien hoe Jesus mense se lewens verander op grond van wonderdade van genesing en troos en innerlike nuutheid. Hy kon op die aarde hoor die moment toe die Vader sê: "Hy is my Seun, my geliefde Seun, in Wie ek My verbly!" God se Woord. Die ware Woord.

En Petrus getuig met inspirasie. Hy skryf sy Petrusbrief op, lewenslank geïnspireer deur wat hy gesien en beleef het. Maar nie net met die oog gesien nie, ook met die oor kon hoor en met die oog kon lees. Elke woord van elke profesie wat gesê en opgeteken is. Want die Profeet is voorgesê! Mensetaal, maar nie deur 'n mens "*uitgedink*" nie. Die profesie ... in taal meegevoer deur die Heilige Gees. Soos skeepseile in die wind gespan, op koers na sy be-stemming.

So het dit met die optekenaar van elke profesie gebeur. Hulle geestelike seile is gespan sodat die wind van die Gees hulle meevoer om profesietaal en woord in die harte van mense te kan indra! God se Woord. Die ware Woord. Kenbron, onder leiding van die Heilige Gees, vir ware lewe!

Sing: Psalm 89:1 (1936)

Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)